
http://lexikos.journals.ac.za; https://doi.org/10.5788/35-1-1978 (Lexikotribute)

# Reinhard R.K. Hartmann
# 1938 – 2024



Ons het met diepe leedwese verneem van die heengaan van Reinhard R.K. Hartmann op 12 September 2024. Dr. Reinhard Hartmann het 'n sleutelrol in die ontwikkeling van die leksikografie oor die wêreld heen gespeel. Hy geniet erkenning en word gehuldig vir sy rol in die vestiging van die European Association for Lexicography (EURALEX), die African Association for Lexicography (AFRILEX) en die Asian Association of Lexicography (ASIALEX). Hy het die LEXeter-konferensie in 1983, wat 'n kernrol in die totstandkoming van EURALEX en sy vlagskippublikasie, *International Journal of Lexicography*, gespeel het, georganiseer. Reinhard het as EURALEX-sekretaris en vierde president van hierdie vereniging gedien. Erelidmaatskap van EURALEX is later aan hom toegeken.

Hy is welbekend vir sy omvattende baanbrekerswerk op praktiese en teoretiese aspekte van die leksikografie in publikasies soos *Contrastive Textology: Comparative Discourse Analysis in Applied Linguistics, Lexicography: Principles and Practice, The History of Lexicography, Lexicography in Africa* en *Dictionary of Lexicography*. *Lexicographica Series Maior.* Hy het baie jare lank as mederedakteur van die boekereeks *Lexicographica Series Maior* opgetree.

Op 14 Julie 1995 het verskeie leksikograwe, akademici en belanghebbendes by 'n konferensie van die African Languages Association for Southern Africa (ALASA) byeengekom om 'n professionele vereniging vir die Leksikografie te vestig, en so het AFRILEX tot stand gekom. Dr. Reinhard Hartmann, voorsitter van die European Association for Lexicography (EURALEX), was op hierdie

http://lexikos.journals.ac.za; https://doi.org/10.5788/35-1-1978 (Lexikotribute)



geleentheid teenwoordig en hy het die hele proses gefasiliteer. In 2005 het hy na Suid-Afrika teruggekeer om die 10de AFRILEX-konferensie in Bloemfontein by te woon. Dit was 'n gedenkwaardige geleentheid waar al die AFRILEX-presidente teenwoordig was.

Reinhard Hartmann het die wêreldbekende *Dictionary Research Centre* in Exeter, wat later na Birmingham verskuif is, tot stand gebring. Alhoewel hy altyd heel beskeie oor die waarde, omvang en impak van die Navorsingsentrum was, het hierdie sentrum oor die laaste twee dekades van die vorige eeu vir diegene met 'n belangstelling in die leksikografie dié plek geword om te besoek. Die Sentrum het baie navorsers van oor die wêreld wat die omvattende versameling gepubliseerde en ongepubliseerde leksikografiese hulpbronne as 'n insiggewende geleentheid vir die beplanning en uitvoering van pioniers- leksikografiese navorsing beskou het, gelok. Hierdie ervaring is verder versterk deur die stimulerende besprekings met Reinhard.

Reinhard was 'n uitstekende leermeester en studieleier en menige M.A.- en Ph.D.-verhandelings van studente van oor die wêreld is onder sy toesig voltooi. Hierdie studente sit nou die werk wat deur Reinhard aangevoor is, voort.

Reinhard Hartmann was instrumenteel in die bevordering van internasionale samewerking en het gehelp om 'n netwerk van leksikograwe wat toegewyd is daaraan om die beste praktyke met mekaar te deel, te vestig en om die veld te bevorder. Sy sogenaamde lys van kundiges in die leksikografie dien as voorbeeld hiervan.

Reinhard sal onthou word as een van die prominentste figure in die leksikografieveld.


Danie J. Prinsloo
*Universiteit van Pretoria*
*Suid-Afrika*
*(danie.prinsloo@up.ac.za)*
*(https://orcid.org/0000-0003-0054-4676)*

en

Rufus H. Gouws
*Universiteit Stellenbosch*
*Suid-Afrika*
*(rhg@sun.ac.za)*
*(https://orcid.org/0000-0002-3423-058X)*

http://lexikos.journals.ac.za; https://doi.org/10.5788/35-1-1978 (Lexikotribute)

# Reinhard R.K. Hartmann
# 1938 – 2024



We were deeply saddened to learn that Reinhard R.K. Hartmann passed away on 12 September 2024. Dr. Reinhard Hartmann played a key role in the development of lexicography around the globe. He is recognised and honoured for his role in the establishment of the European Association for Lexicography (EURALEX), the African Association for Lexicography (AFRILEX) and the Asian Association of Lexicography (ASIALEX). He organised the LEXeter conference in 1983 which played a major role in the formation of EURALEX and its flagship publication, the *International Journal of Lexicography*. Reinhard served as EURALEX secretary and fourth president. Honorary membership of EURALEX was later bestowed on him.

He is well-known for his extensive ground-breaking work on practical and theoretical aspects of lexicography in publications such as *Contrastive Textology: Comparative Discourse Analysis in Applied Linguistics, Lexicography: Principles and Practice, The History of Lexicography, Lexicography in Africa* and *the Dictionary of Lexicography*. For many years he served as co-editor of the book series *Lexicographica Series Maior*.

On 14 July 1995 several lexicographers, academics and stakeholders got together at a conference of the African Languages Association for Southern Africa (ALASA) to establish a professional association for Lexicography, and so AFRILEX was born. Dr. Reinhard Hartmann, chairperson of the European Association for Lexicography (EURALEX) was present at this occasion and he facil-

http://lexikos.journals.ac.za; https://doi.org/10.5788/35-1-1978 (Lexikotribute)



itated the whole process. In 2005 he returned to South Africa to attend the 10th AFRILEX conference in Bloemfontein, a memorable occasion when all of the AFRILEX Presidents were present.

Reinhard Hartmann established the world-famous *Dictionary Research Centre* in Exeter which was later moved to Birmingham. He was always quite modest about the value, size and impact of the Research Centre, but during the last two decades of the previous century this centre became the place to visit for those with an interest in lexicography. The Centre attracted many researchers from around the world who found the wide-ranging collection of published and unpublished lexicographic resources an informative opportunity for planning and executing pioneering lexicographic research. This experience was enhanced by the stimulating discussions with Reinhard.

Reinhard was an excellent teacher and supervisor and many MA and PhD dissertations by students from around the globe were completed under his supervision. These scholars now continue with the work started by Reinhard.

Reinhard Hartmann was instrumental in advancing international collaboration, helping to establish a network of lexicographers dedicated to sharing best practices and advancing the field, his so-called list of who's who in lexicography being an example.

Reinhard will be remembered as one of the greats in the field of lexicography.

Danie J. Prinsloo
*University of Pretoria*
*South Africa*
*(danie.prinsloo@up.ac.za)*
*(https://orcid.org/0000-0003-0054-4676)*

and

Rufus H. Gouws
*Stellenbosch University*
*South Africa*
*(rhg@sun.ac.za)*
*(https://orcid.org/0000-0002-3423-058X)*